

STOP DIE GEDRUP

Speel klaar met 'n lekkende kraan met hierdie maklike selfdoenwenke van Cashbuild

FOTO TER ILLUSTRASIE: GALLO IMAGES/GETTY IMAGES

DIT sal die een of ander tyd in jou huis gebeur – die gedrup van 'n lekkende kraan sal jou tot raserny dryf. En met elke druppel styg jou waterrekening. Kenners raam dat 'n lekkende kraan tot 1 000 liter water per maand kan vermors.

Kraanlekkasies word gewoonlik veroorsaak deur bros of gekraakte rubberwasters of as die krane te styf toegedraai word, want abnormale druk word dan op die wasters uitgeoefen.

Dis maklik om 'n lekkende kraan reg te maak – gaan loer in by verbruikerskampioen Cashbuild en jy sal al die gereedskap en toerusting daar kry wat jy nodig het. Volg dan hierdie maklike stappe en jy behoort die waster binne 'n halfuur te kan vervang.

JY BENODIG

Skroefsleutel, skroewedraaier, sagte skoonmaakdoek, rubberkraanwaster.

STAP 1 Draai die water af

Draai die hoofwatertoevoer na die huis af of die hoekkleppe onder die kraan. Dan kan jy dele daarvan verwyder sonder dat jy nat word of water mors.

Wenk Wanneer die watertoevoer afgedraai is, sal daar nog water in die pype wees – draai daarom die kraan oop en laat die water in 'n emmer uitloop tot die stroom opdroog. Gooi die tuin daarmee nat.

STAP 2 Haal die kraan uitmekaar

As die kraan 'n warm/koud-



aanwyser het, verwyder dit. Jy sal 'n skroef sien – verwyder dit met 'n skroewedraaier en lig dan die kraanhandvatsel op. Verwyder die kraan se metaalbedekking, verkieslik deur dit met die hand los te skroef. As jy gereedskap daarvoor moet gebruik, beskerm die metaalvlak teen krapmerke. Die moer met die spil en waster moet nou sigbaar wees. Stel die skroefsleutel tot die regte grootte en gebruik dit om die kop van die kraan antikloksgewys te draai terwyl jy die res van die kraan met jou vry hand stewig vashou. Draai tot die kop afkom.

Wenke

- Druk 'n stuk hout by die bek van die kraan in om te keer dat dit rondwikkels terwyl jy werk.
- Sit die wasbak se prop in om te keer dat klein voorwerpe in die drein afval.

STAP 3 Vervang die waster

Jy sal die waster kan sien aan die onderpunt van die plek waar die kraan se kop was voor jy dit verwyder het. Die waster kan met 'n klein moertjie in posisie gehou word of oor 'n middelpunt geposisioneer wees. As dit met 'n moertjie vasgemaak is, kan dit dalk moeilik wees om dit te verwyder. Smeer die moertjie met 'n deurdringende olie om dit makliker los te kry as dit dalk verroes is. Verwyder die moertjie of skroef wat die waster op sy plek hou. Verwyder die ou waster en maak die plek deeglik met 'n sagte lap skoon. Sit die nuwe waster in en sit die kraan weer aanmekaar deur die bogenoemde stappe om te keer.

Wenk Wasters kom in verskillende groottes en as jy onseker is oor wat jy benodig, neem die oue saam na jou naaste Cash-

build-winkel om seker te maak die nuwe een sal nommerpas wees. Vind uit of onderdele beskikbaar is wanneer jy 'n kraan koop. Cashbuild het onderdele vir verskeie soorte lekke en om slytasie aan krane reg te maak. **Vir nog inligting bel die Cashbuild-kliëntediensnommer, 0860-100-582.**



IscaMix badmengkraan R414.95

IscaMix wasbakmengkraan R352.95



IscaMix stortmengkraan R285.95

IscaMix opwasbakmengkraan R420.95

PRYSE GELDIG (NET IN RSA) TOT EN MET 20 JUNIE 2010

Cashbuild
GEHALTE BOUMATERIAAL TEEN DIE LAAGSTE PRYSE
189 winkels en ons groei steeds dwarsoor suidelike Afrika

